Wes-Kaapse Regering
Onderwys

WKOD
transformeer om te presteer

# “KOM ONS PRAAT OOR WAARDES”




TRANSFORMEER OM TE PRESTEER-STRATEGIE (*T2P*)

## GESPREKKE OOR WAARDES TUIS

# Inleiding

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) wil graag 'n leerder met waardes opvoed wat optree in die belange van 'n gemeenskap en wat gebaseer is op respek vir demokrasie, gelykheid, menslike waardigheid en maatskaplike regverdigheid soos ondersteun deur die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Om hieraan te voldoen, het die WKOD die Transformeer om te Presteer-strategie (*T2P*) op die been gebring. Dit poog om die harte van onderwysers en leerders aan te spreek en gevolglik na die ouers en breë gemeenskap uit te brei. Die visie van die WKOD is om deur hierdie onderneming gehalteonderrig vir elke kind, in elke skool, in elke klaskamer te verseker en alle gemeenskappe in die provinsie te bereik.

Die mantra wat deur die WKOD aanvaar is, meld duidelik dat die ***Leerder Moet Ingaan om te Leer en Uitgaan om te Dien*** en die ***Onderwyser Moet Binnegaan om te Dien en Voortgaan om te Leer***. Wanneer leerders die skool of klaskamer binnegaan, moet hulle duidelik na hulle doel in die skool en hulle persoonlike reis na daardie doel gelei word. 'n Leerder wat elke keer as hy/sy die klaskamer/skool binnegaan en verlaat aan hierdie doel herinner word, sal toeganklik wees vir sy/haar leerondervinding.

Waardes is 'n integrale deel van die samelewing en word in verskeie kontekste aangetref, d.w.s., tuis, by die skool, kollege, werk, in die gemeenskap, samelewing, ens. Kinders kan begin om 'n bewuswording van waardes te ontwikkel en dit in hulle daaglikse dade en gesindhede te integreer. Skole, samelewings, gemeenskappe en gesinne het 'n gesamentlike verantwoordelikheid om maatskaplike samehorigheid op te bou en 'n besef van ubuntu aan te wakker. Om hierdie waardes doeltreffend te kweek, moet dit tuis, by die skool, kollege, werk, ens. daagliks geïntegreer word. Die waardes en gesindhede waarmee ons lewe, beïnvloed die manier waarop ons aansluiting vind by ander mense en by al ons aktiwiteite in die omgewing en samelewing.

# Kom ons praat oor waardes

Deur gesprekke oor waardes in die skool en tuis aan te moedig, word "Kom ons "Praat oor Waardes" as 'n hulpbron gebruik om gesprekke oor waardes te bevorder met die doel om lewensvaardighede te kweek wat buite die klaskamer beoefen kan word tot groter voordeel van die samelewing. Dit poog om leerders te bemagtig om die volgende te kan doen:

- Om verskeidenheid te waardeur deur respek en verdraagsaamheid;
- Om 'n omgewing wat gedurig verander, te kan hanteer;
- Om te begryp dat regte, verantwoordelikhede inhou;
- Om te help om die nasionale aard van Suid-Afrika te transformeer;
- Om 'n begrip van hulle eie waardes te ontwikkel;
- Om die vermoë te ontwikkel om hierdie begrip aan ander oor te dra;
- Om 'n begrip van ander mense se waardes te ontwikkel;
- Om die vermoë te ontwikkel om saam te werk met 'n gedeelde begrip van waardes; en
- Om 'n vermoë te ontwikkel om begrip te toon deur gedrag en taal wat die samewerkende ooreenkoms van hierdie waardes weerspieël.

Die hoofdoel van "Kom ons Praat oor Waardes" is om 'n podium te skep vir gesprekke oor waardes. Hieronder is 'n lys van ten minste 100 waardes wat gebruik kan word om 'n gesprek oor waardes mee af te skop. Die doel is om 'n omgewing te kweek waar kinders waardes kan beleef deur wat hulle "Doen", "Sien", "Sê" en "Hoor"..

| | | | |
|---|---|---|---|
| AANSPREEKLIKHEID | ERKENNING | LEIERSKAP | SPANWERK |
| AANVAARDING | ERKENTLIKHEID | LEWENSKRAGTIGHEID | STATIGHEID |
| BEDAGSAAMHEID | ETIEK | LIEFDE | STIPTELIKHEID |
| BEGRIP | FOKUS | LOJALITEIT | SUKSES |
| BEKWAAMHEID | GEDULD | MATIGHEID | TOEGEWYDHEID |
| BESKEIDENHEID | GEHARDHEID | MEDEDEELSAAMHEID | UBUNTU |
| BESLISTHEID | GELOOFWAARDIGHEID | MENSLIEWENDHEID | UITMUNTENDHEID |
| BETROUBAARHEID | GELUK | MOED | UNIEKHEID |
| BEVOEGDHEID | GELYKHEID | NEDERIGHEID | VEILIGHEID |
| BEWUSTHEID | GENADE | ONAFHANKLIKHEID | VERANTWOORDELIKHEID |
| BLYHEID | GEREGTIGHEID | ONDERSTEUNING | VERBINTENIS |
| BUIGBAARHEID | GOEDHARTIGHEID | ONVERSTOORBAARHEID | VERDRAAGSAAMHEID |
| DANKBAARHEID | GROEI | OPMERKSAAMHEID | VERGIFNIS |
| DAPPERHEID | HERKENNING | OPREGTHEID | VERTROUE |
| DEERNIS | HOFLIKHEID | ORDELIKHEID | VISIE |
| DEUGDELIKHEID | HOOP | PASSIE | VOLHARDING |
| DEURSIGTIGHEID | HULPVAARDIGHEID | PLIGSGETROUHEID | VREDE |
| DIENSBAARHEID | INSPIREREND | PRET | VRIENDELIKHEID |
| DOELGERIGTHEID | INTEGRITEIT | REAGEREND | VRIENDSKAP |
| DOELTREFFENDHEID | KALMTE | REGVERDIGHEID | VRYGEWIGHEID |
| EENHEID | KENNIS | RESPEK | VRYHEID |
| EER | KOMMUNIKASIE | SAMEWERKING | WAARDIGHEID |
| EERLIKHEID | KONSEKWENTHEID | SELFVERTROUE | WAARHEIDLIEWEND |
| EMPATIE | KRAG | SINDELIKHEID | WYSHEID |
| ENTOESIASME | KREATIWITEIT | SORGSAAMHEID | YWER |

# AKTIWITEIT: GOEDHARTIGHEID

**Bekragtigings is positiewe stellings wat jou kan help om negatiewe gedagtes uit te daag en oorwin. As jy dit dikwels herhaal en daarin glo, kan jy begin om positiewe veranderinge aan te bring.**
https://ripplekindness.org/why-affirmations-are-important-for-children/

Omdat kinders gedrag aanleer en hulle brein daarvolgens instel, is bekragtigings baie doeltreffend vir die kweek van selfvertroue in die kinderjare en dit kan hulle hele lewe gestand bly. Kinders hou van rymwoorde en aansteeklike frases. Kom ons wees dus nou kreatief.

Kies ’n gesinswaarde vir elke maand. Maak ’n eenvoudige bekragtiging wat deel van gesinstyd uitmaak. Hieronder is ’n paar voorbeelde van hoe om jong kinders bekragtigings te leer wat daagliks geoefen kan word:




- Ek is goedhartig en lief om ander mense te help!
- Ek doen so goed as wat ek kan!
- Ek is spesiaal!
- Ek is lief vir myself! ==Ek gee om

**Bekragtiging: Die waarde van Goedhartigheid**
“Ek is goedhartig en liefdevol. Ek deel graag met ander mense. Ek is ’n goeie vriend. ”

# AKTIWITEIT: GESINSWAARDES

**Gesinswaardes is dit wat betrekking het op die gesin se struktuur, funksie, rolle, opvattings, gesindhede en ideale.** https://pandagossips.com/posts/4708

**Hoe leef ons ons waardes in ons gesin uit?**
Ons het almal gesinswaardes. Ouers word vir die doel van hierdie aktiwiteit aangemoedig om ’n waarde vir die gesin te kies waar ’n omgewing geskep kan word om die gesin se waardes te kan beleef deur dit wat hulle “Doen”, “Sien”, “Sê” en “Hoor”.

Kom ons gebruik die volgende voorbeeld: Deernis: Dit is die vermoë om besorgdheid oor ander mense te wys. ’n Deernisvolle persoon wys toegeneentheid, liefde en medelye aan ander mense.




# AKTIWITEIT: ONS GESINSWAARDES

Wat is die kernwaarde van ons gesin?






# AKTIWITEIT: GELUK

**’n Toestand van uiterste welstand, goeie gemoed, geluk, vreugde, opgewektheid, blydskap**
http://www.momentsaday.com/character-building-activities/

**Ons geluktabel:**
Ons vra mekaar daagliks as ons tuis kom om een ding op te noem wat ons daardie dag gelukkig gemaak het.

## OUR HAPPINESS CHART



| | |
|---|---|
| **MAANDAG** | Ek is vandag gelukkig omdat … ek lewe. |
| **DINSDAG** | Ek is vandag gelukkig omdat mamma my vanoggend ’n drukkie gegee het. |
| **WOENSDAG** | Ek is vandag gelukkig omdat ek veilig tuis gekom het. |
| **DONDERDAG** | Ek is vandag gelukkig omdat ek my toebroodjie met een van my vriende by die skool kon deel. |
| **VRYDAG** | Ek is vandag gelukkig omdat dit my verjaardag is. |
| **SATERDAG** | Ek is vandag gelukkig omdat ons my gustelingfliek gaan kyk en springmielies gaan eet. |
| **SONDAG** | Ek is vandag gelukkig omdat ek ’n gesin het. |

# AKTIWITEIT: VERANTWOORDELIKHEID

**’n Plig of taak wat jy moet doen of wat jy volgens verwagting moet doen. Om beheer oor iets te neem. Die gewilligheid om aanspreeklik te wees vir ons keuses en ons foute.**
https://growkidsminds.com/gkm003-teaching-responsibility/



**Hoe kan ek tuis help?**
Begin deur jong kinders klein takies te gee en voeg ander take daarby wanneer hulle elke vaardigheid bemeester. Byvoorbeeld, begin met die neersit van hulle bord op die opwasbak, en daarna binne die opwasbak. Laat hulle daarna skottelgoed (wat nie kan breek nie) afdroog, en later kan hulle skottelgoed was. Take waarmee kinders van ’n vroeë ouerdom kan help en waarop daar voortgebou kan word, is:.

- Skottelgoed
- Tuinmaak
- Wasgoed
- Skoonmaak
- Kosmaak.

# AKTIWITEIT: EERLIKHEID

**Om mense te vertrou, eerlik, oop en eg te wees.**
**Selfvertroue om getrou aan onsself te wees.**
http://www.yessafechoices.org/parents/character-educationcorner/honesty



**Die eerlikheidspeletjie:**
Kinders leer dikwels ’n les op ’n doeltreffender manier as hulle voel dat hulle op prettige wyse speletjies speel.

- Speel ’n speletjie met jou kind waar jy twee waar stellings maak en een onwaar stelling. Hy/sy moet kies watter stelling die leuen is.
- Laat hom/haar dan toe om eerlike stellings te maak en ’n leuen te vertel.
- Herhaal die proses verskeie kere.
- Die persoon wat die meeste leuens regraai, wen die speletjie.
- Hierdie proses leer ’n kind om tussen die waarheid en ’n leuen te onderskei.
- Koop of maak jou eie speletjie wat op eerlikheid fokus.
- Maak ’n stel indekskaarte wat denkbeeldige situasies insluit en vra jou kind hoe hy/sy daarop sal reageer.
- Gesels oor die gevolge van hulle besluit.
- Gee die stel kaarte aan die volgende persoon. Doen hierdie aktiwiteit gedurende naweke of tydens aandetes elke aand.

# AKTIWITEIT: EMPATIE

**’n Baie goeie begrip van ’n ander persoon se gevoelens of omstandighede.** http://www.zerotothree.org

Lees stories oor empatie. Kry ouderdomsgepaste stories wat opwindend is en op verskillende wyses klem le op die waarde van empatie.

# AKTIWITEIT: HULPVAARDIGHEID

**Doen nuttige dinge wat ’n verskil aan ander mense se lewens maak. Maak tyd om bedagsaam te wees.** www.momentsaday.com



**Hoe kan ek help?**
Vra jou kind om waar moontlik te help. Kinders kan op verskillende maniere tuis help, bv. om hulle klere weg te pak, in die kombuis te help deur borde en messegoed weg te pak. ’n Hulpvaardigheidstabel vir die gesin met ’n aktiwiteit wat daagliks gedoen moet word, kan opgestel word.

# ACTIVITY: LOVE

**Kragtige en warm liefderikheid (van ’n ouer vir ’n kind). ’n Groot liefde vir lees.** www.momentsaday.com



**Deel jou gevoelens om te wys jy gee om:**
Deel met ander oor hoe jy daarvan hou om liefde te ontvang. Vind uit hoe jou kind daarvan hou om liefde te ontvang deur te vra: “Hoe weet mens dat iemand lief is vir jou?” Dink ook oor hoe jy hierdie vraag sal beantwoord. Neem beurte om met mekaar te deel hoe elkeen daarvan hou om liefde te ontvang, soos met drukkies, deur iemand wat jou help, of om saam speletjies te geniet.

# AKTIWITEIT: BELEEFDHEID

**Neem ander mense met respek in aanmerking.**
https://www.thespruce.com/tips-to-teach-your-children-manners-1216615

**Excuse Me** | **Thank You** | **Please**

| Wenke om beleefdheid te leer: | |
|---|---|
| #Stel 'n voorbeeld met jou eie maniere. | As jy wil hê kinders moet beleef wees en goeie maniere hê, moet jy seker maak dat jy ook so optree. Jy kan beslis nie op hierdie gebied van hulle verwag om jou woorde te volg as jou dade dit weerspreek nie. Die eerste stap na 'n beleefde kind is 'n beleefde ouer. |
| #Oefen tuis. | Dis onrealisties om te verwag dat kinders goeie maniere telepaties gaan aanleer. Hulle moet weet watter reëls om te volg. Vertel hulle daarvan, stel dit op skrif, en probeer om hulle in te sluit by prettige, speeletiketaktiwiteite. |
| #Gee die woorde aan hulle. | Daar is vyf woorde en frases wat beleefdheid uitbeeld en dit moet van die eerste woorde in elke kind se woordeskap wees, d.i., "Asseblief", "Dankie", "Mag ek", "Verskoon my" and "Nee, dankie". |
| #Gee positiewe versterking aan jou jong kind. | Kinders hou daarvan om geprys te word, veral van 'n ouer of iemand wat hulle respekteer. Ouers reageer dikwels net op hulle kinders se ongewenste gedrag en ignoreer hulle oorwinnings en positiewe gedrag. Hierdie keuse mag teenwerkend wees. Kinders soek enige aandag moontlik, self al beteken dit dat hulle hulle swak gedra. Moedig hulle aan as hulle beleef is. |
| #Wees geduldig. | Dis waar dat die meeste kinders selfgesentreerd van aard is. Elke ouer sien dit baie vroeg in die ouerversorging raak, en dit hang van die ouer af om dit te verander. Leer hulle om ander mense se gevoelens en behoeftes te respekteer. As hulle leer om meer te luister, minder te praat, ander in ag te neem, en nederig te wees, sal hulle Goue reël-gedrag begin om na vore te tree. |

# AKTIWITEIT: DANKBAARHEID

**Die erkentlikheidseienskap. Gereed om waardering te toon en goedhartigheid terug te gee.**
www.momentsaday.com



**Blikkie om "Dankbaarheid te betoon":**
Maak 'n blikkie om "dankbaarheid te betoon". Wy 'n blikkie daaraan toe (as jy wil, kan jy dit versier) en kry stukkies papier om op te skryf reg. Dalk kan jy 'n daaglikse gewoonte kweek om kaartjies by die blikkie te voeg. Skryf goed waaroor jy elke dag dankbaar is neer en sit dit in die blikkie. Sit aan die einde van die week saam as gesin en dink na oor die goed waarvoor julle dankbaar was.

# AKTIWITEIT: VEILIGHEID

**Beskermende omstandighede of onwaarskynlike gevaar, risiko of beserings.**
http://www.childfun.com/themes/misc/safety/

**Veiligheid kom eerste**
Leer die betekenis van "robot"/verkeersligte as jy met jou kinders motor bestuur en verduidelik wat elke kleur beteken. Byvoorbeeld: dis belangrik om te stop as die ligte rooi raak.



Dit kan ook met die volgende waardes geassosieer word:

- **Geduld:** Leer om jou beurt af te wag.
- **Verdraagsaamheid:** Aanvaar dat alle mense anders lyk, maar dat alle mense gevoelens, behoeftes, hoop en drome het. Gee ander mense kans.
- **Beleefdheid:** As iemand praat, moet jy "ophou" praat en hulle toelaat om klaar te praat.

Wes-Kaapse Regering

Onderwys

WKOD

om transformeer te presteer